

KOMMUNIKAMMA



TEKS vir die WEEK:

Psalm 62: 8-9. "God is my redding en my krag, Hy is my rots, my sterkte, God is my toevlug.

Vertrou op Hom altyd my volk, Stort jul harte voor Hom uit. God is vir ons 'n toevlug."

SAKE vir GEBED:

- * Bid vir NPO's soos MTR Smit en Louisa Meyburgh ouetehuis wat in die huidige boekjaar nog geen subsidies van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling ontvang het nie.
- * Frans Schmidt is baie verswak in die hospitaal. Ons bid vir hom, Myra en die familie.
- * Bid vir Peet Viljoen wat 'n groot operasie ondergaan het en nog verdere toetse moet ondergaan. Bid vir Annie en die kinders vir krag en sterkte.
- * Bid vir Suzette Hanekom wat mediese behandeling ontvang en vir haar man Chris wat haar bystaan.
- * Bid vir Lynette Botha wat baie swak is en ook vir Hennie, haar man en gesin.
- * Ons dra vir Merinda, Laura Krause se dogter aan die Here op en bid vir volkome genesing.
- * Bid vir Leon Nel wat baie siek is en sy vrou Antoinette.
- * Bid vir almal wat aan die 7 Weke Reeks deelneem.
- * Bid vir die bendegeweld en anargie in ons land en in ons stad. Dit het nou uitgebrei na gebiede soos Greenbushes en die mense leef in vrees, slaap nie en is vasgevang in hul huise terwyl alles afgebrand word.
- * Die droogte in die Noord-Kaap is baie ernstig. Bid vir reën en uitkoms. Bid dat die boere nie moed sal verloor nie.
- * Bid dat al die verbeteringe aan die kerkgebou glad sal verloop en dat die Here die projek sal seën.

Hierdie week se gebedsversoek is vir Christene in Mauritania:

Bid saam met die Christene in Mauritania vir hulle beskerming soos hulle geleentheid kry om hul geloof te deel.

SONDAG 21 JULIE 2019

08:30 Eietydse diens in saal

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens in saal

Die doop word bedien aan Pieter en Riëtte van Loggerenberg se dogtertjie Kristi.

Deurdankoffer vir VCSV Framesby

By die deure is Kerkbodes beskikbaar

Teebeurt vandag: St Joseph sel

Teebeurt 28 Julie: Pronkertjie sel

MAANDAG 22 JULIE

12:45 Gebedskild in gebedskamer

18:00 Getuiedenissterrein vergadering.

WOENSDAG 24 JULIE

18:00 Jeugdiersterrein vergadering.

VRYDAG 26 JULIE MANNEBYEENKOMS

05:00 By Elandré Bosch, Lilylaan 68.

MTR SMIT

Omdat MTR Smit nog geen subsidies ontvang het nie, is hulle gedwing om drastiese stappe te neem. Die personeel het net die helfte van hulle salarisse gekry en uitgawes is tot op die been gesny. Kom ons help hulle met nie-bederfbare kos soos pasta, rys, roommelies, tuna, geblikte tamatie en uie ens. Finansiële bydraes kan by kerkkantoor of elektronies gemaak word. Dui asb net duidelik aan dat dit vir MTR Smit is.

Ons het verlede week 'n haardroër en broodrooster aangekoop vir huis 8, die huis waarvoor ons gemeente verantwoordelik is. Daar is 15 dogters in Huis 8. Ons gemeente se kontakpersoon is Linda Rossouw by sel: 082 402 4396.

NOODSPENS

Ons gemeente se noodspens is dolleeg en daar is 'n groot behoefte aan nie-bederfbare produkte.

NUWE LIDMATE

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekkers** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf: www.ngkraggakamma.co.za.

7 WEKE REEKS VIR KLEINGROEPE: 22 Julie – 8 Sept

7 Weke is 'n geleentheid vir vriende, families en elkeen individueel om intensioneel rondom een tema voor die Here stil te word. Die tema hierdie jaar is "Met Ritmes vir die Lewe". Almal is welkom. Ons moedig jou aan om 'n paar mense bymekaar te kry en jouself te verbind vir 7 weke. Bid saam met ons. Boekies is beskikbaar teen R20-00 per boekie.

Indien jy tydens die 7 weke by 'n kleingroep wil aansluit, kontak asb een van die dominees.

LOFDANSE

Het jy n passie vir dans? Ons wil graag met n Lofdans groep [Worship Dancing] begin. Enige iemand is welkom, jonk en oud. Jy hoef nie opleiding te hê nie, net 'n passie om die Here deur middel van dans te loof. Indien jy belangstel kontak Felicity Kapp 0825768305.

Ons oefen Dinsdae oggende om 10:30 in die kerksaal.

KONINKRYKSTYD

As kerk is ons tans in Koninkrykstyl. In Koninkrykstyl word ons daaraan herinner dat ons wortels diep in God geanker is. God maak ons optrede deel van die koms van die koninkryk. Met Koninkrykstyl dink ons oor die sigbaarheid van die heerskappy van die drie-enige God (Skepper, Verlosser en Trooster) in elke faset van die lewe. Ons word herinner aan ons roeping om die gawes wat ons tydens die feeste (Paasfees en Pinkster) gevier het, in die alledaagse lewe uit te leef. Deur ons optrede moet die koms van God se koninkryk sigbaar gemaak word deur ons betrokkenheid by die liggaamlike, geestelike en emosionele nood in die wêreld.

Koninkrykstyl herinner ons telkens aan die eenheid en interaksie tussen wat ons bely en hoe ons leef. Dit gaan oor hoe ons – deur wat ons doen – deelneem aan die koms van God se koninkryk. Ons maak God se liefde en ontferming op verskillende maniere teenoor verskillende mense sigbaar. God self sorg vir die uiteindelijke en finale koms daarvan met die koms van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde.

NG KERK PATMOS BIED AAN: "Donkie" op Vrydag 30 Augustus, met Frank Opperman. Kontak Elizna (083 258 9860) of Leana (083 567 3133). Kaartjies R120 pp.

ASEMSKEP HUWELIKSVERRYKINGSNAWEEK

Die Kamp vir egpare vind plaas op 4-6 Oktober by Eersterivier.

Ds Jan Coetsee en sy vrou, Elbi, wat by Sionsrand gemeente was, gaan die naweek lei. Kontak Sonja (084 703 2992) of Roenel (083 388 5357) per sms of watts app indien julle wil deel wees van hierdie kamp. Indien jy wil help met die reëlings, kontak vir Sonja.

Verblyf: Eie verblyf. Daar is plek in die sentrum vir 7 pare, asook vir 4 tente/karavane op die gronde teen R85 per persoon per nag. Daar is ook verskeie huise beskikbaar wat julle kan huur vir die naweek. Kry 'n paar vriende saam en deel 'n huis.

Kamp koste: R200 met bespreking van julle as paar en R200 teen 25 September 2019.

Gee asb 'n e-pos adres wanneer jul plek bespreek.

GLS 2019 van 18-19 Oktober

"World Vision" werk saam met "The Willow Creek Association" vir die "Global Leadership Summit", 'n gebeurtenis wat vars, aktiewe en inspirerende leierskapwenke bied by 'n adres wat vir jou gerieflik is. Dit is ontwerp vir enigiemand wat hulself wil opskerp en 'n sinvolle lewe wil lei. Almal, van 'n hoof tot 'n bly-by-huis ouer, sal hierby baat vind.

Wêreldklasleiers word op grootskerm vertoon terwyl hulle hul getuieis deel en leierskapopleiding doen. Die GLS vind by Harvest Christian Church plaas. Die geleentheid kos R510-00 per persoon. Indien ons meer as 10 is, kos dit R480.00. Kontak asb voor Vrydag 26 Julie 2019 die kerkkantoor, indien jy die geleentheid wil bywoon. Die kerkraad sal mense, wat worstel om die bedrag bymekaar te kry, finansiële ondersteun.

KERSMARK 8 – 9 NOVEMBER

Kraggakamma gemeente bied hierdie jaar 'n kersmark aan. Indien jy 'n stalletjie wil hê by die mark, kontak Niekie of die kerkkantoor vir inligting. Ons is ook opsoek na lidmate wat sal help bak, kosmaak en verkoop tydens die kersmark. Kontak die kerkkantoor indien jy wil help.

There4-Bedieninge reis na Egipte

12 Dames besoek in September Egipte om vrouens wat in vervolging lewe te gaan bemoedig en na hulle harte te luister.

Ons benodig tans : Bedsokkies, "pocket tissues", lapsakkies 17 x 25cm met tou vir toetrek (baie materiaal beskikbaar by There4-kantoor, ons kort net hande) en sagte lekkers vir kinders. Ons wil ook Bybels in die hande plaas van nuwe gelowiges @ R150 per Bybel.

Kontak asb ons kantoor vir verdere inligting: 041 360 1946.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..